

Donderdag **22**

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 10:21-32

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 10:31

Sem - Van sondvloed tot verbondsvolk

Sem, Noag se seun, het die ongelooflike ervaring gehad dat hy die sondvloed oorleef het. Een van slegs agt mense!

Hy is gebore in die jare toe lewensjare baie was, toe sy pa reeds 500 jaar oud was. Letterlik beteken Sem “gevierde naam”. Hy sou ’n beroemde man word. Ná die sondvloed het Sem en sy broer Jafet hulle dronk pa se naakte liggaam toegegooi. Daarvoor is hulle deur hulle pa geseën, terwyl Gam se nageslag vervloek is.

Die seën word in die volkeregeskiedenis vervul. In sy nageslag was besondere mense deur wie God Homself bekendgemaak het. Sy nageslag sou Hebreërs genoem word, kinders van Heber (vs 21, 24). Uit Sem, die beroemde, sou deur God se genade stamme met eie tale en lande, asook nasies groei (vs 31). ’n Nuwe geboorte van die mensdom ná die uitwissing deur die sondvloed. Ná die taalverwarring by die toring van Babel versprei sy nageslag oor die aarde.

Die seën van God strek egter verder, want Heber word die grootvader van Tera, die vader van Abram, wat deur God Abraham genoem word (1 Kron. 1:24-27). So word uit Sem, deur Abraham se nageslag, die uitverkore volk van God gevorm. In God se raadsplan groei die volke en nasies ná die sondvloed en Babel tot ’n menigte. Van die begin af is twee lyne sigbaar, Sem se nageslag en Kanaän (seun van Gam) s’n. Begenadigde verbondskinders aan die een kant, andersyds afgodsdienaars.

Verrassend duik die naam van Sem as net een van baie ander in die geslagsregister van Jesus op (Luk. 3:36). Sem, die beroemde, se naam word minder. Die eintlike Naam is Jesus, die enigste deur Wie daar verlossing moontlik is (Hand. 4:12).

So loop die lyn van genade van die sondvloed deur die verbondsvolk tot by die nuwe verbond in Jesus Christus.

Sing: Psalm 105-1:5

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)